**PARKSIG**
**Eiendomsagentskap**
Huise — Plase — Plotte
Besighede — Standplase
vir 'n eerlike
transaksie
sien of bel
**1486 — Na-ure 2054**
(Eienaar: G. Schoonhoven)

die Wapad

*Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie... spreek dan*
**EDDIE DE BEER**
**Diamantslyper**
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse.
U soek die diamant en ons set hom na u smaak.
Bel: Tannie de Beer (De Klerk-huis) 2226, Potchefstroom
of
E. J. de Beer, 869-1260, Alberton

**JAARGANG XVIII** **1 MAART 1963** **NR. II**

OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# INLYWING AFGEHANDEL

## *Groot Sukses*

**In die afwesigheid van die voorsitter van die Studenteraad, mnr. J. J. de Jager, het mnr. Idyll van der Walt alle aksies waargeneem en deur sy ferme optrede het die eerstejaars dadelik besef dat alles wat gebeur nie slegs oëverblindery is nie, maar dat daar met hulle gewerk word sodat hulle ware P.U.Kaners kan word wat oor 'n paar jaar self aan die stuur van sake sal staan.**

Alle eerstejaars voel nou veel meer op hul gemak nadat die inlywingsaksies verby is en die ouhere en die oudames nie meer daarop aandring om uitgeken te word nie. Daar sal wel nog op kere sake aangedring word en die belangrikste hiervan is dan dat ons vanjaar bevredigende resultate wil sien.

Na die inlywing ken die eerstejaar-student sy plek in ons gemeenskap en weet presies wat daar van hul verwag word.

Voorligtingslesings wat deur die Voorsitters van die verskillende hoofliggame aan eerstejaars gelewer is, het die eerstejaars laat besef wat hul posisie in hierdie Hoofliggame is. Daar is vanjaar vir die eerste keer met hierdie lesings begin en het besonder baie vrugte afgewerp aangesien die nuwelinge, as hul hier aankom, geen idee het wat dit alles behels nie.

Uitkenningsparades was vanjaar weer soos alle ander jare die hoogtepunt van alle aksies. Veral die gemengde uitkenningsparades het baie byval gevind by sowel die ouhere as die oudames.

Vrydag 22 Februarie was dan ook die ou gebruiklike „Tarentaal" en dit was elke ouheer se begeerte dat die eerstejaars moes groet dat hulle hier op die Campus die eerstejaars van Tarentaal af kon hoor.


*I. van der Walt*
*Foto: FOTOKUNS.*

Vrydagaand is daar op 'n trompet gespeel terwyl die eerstejaars agter die Hoofgebou gesit het. Die musiek was besonder indrukwekkend en die doel daarvan was om op die gevoel van die nuwelinge te speel. Hierna het hulle hul modderbad gekry en daarna is hulle na die verskillende koshuise.

Vrydagnag was die nag waarna elke ouheer uitgesien het aangesien die eerstejaars die hele nag wakker gehou sou word. Dit was dan ook 'n groot sukses en is verkry deurdat die seniors gewys het dat hulle bereid is om opofferings te maak wat daartoe bydra dat die eerstejaars hulle as deel van die studentegemeenskap kan voel.

Verskillende eerstejaars met wie daar gepraat is beskou dit as 'n eer dat die ouhere soveel opofferinge maak om hulle in te lyf.

Onder die inwoners van Dawie Dup was daar 'n besonder lekker gees dwarsdeur die nag. Teen 4 uur vm. is daar 12 pond wors gekoop en dit het hul weg gevind deur die kele van slegs tien ouhere. Vroeg teen dagbreek het die manne hul draai gaan maak by die dameskoshuise om daar te gaan sing.

Die ontheffingsdinee het dan ook heel onverwags gekom (vir die eerstejaars) en elkeen kon na daardie genotvolle aand iets saamgeneem het om te onthou.

Dit is ons hoop dat die eerstejaars sal onthou wat met hulle gebeur het. Hulle moet ware P.U.Kaners wees wat die naam van hulle Universiteit hoog sal hou en dat hulle deur hulle handel en wandel sal toon dat hulle aan 'n Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys studeer met die leuse „In U Lig".



ONTHEFFINGSDINEE *Foto: FOTOKUNS.*

## Studentewerk

Die probleem van studente wat nie die nodige finansies het vir hulle studies nie het die afgelope week op Wits meer pertinent geword toe 'n groep van ongeveer 15 studente by die Studenteraad aansoek gedoen het dat die Studenteraad vir hulle deeltydse werk moet vind waardeur hulle ekstra geld kan verdien. Volgens die Studenteraad is die getal veel groter wat ekstra finansiële hulp nodig het.


*Jan v.d. Wateren word geken* *Foto: FOTOKUNS.*

### WEEKLIKS

Die redaksie van die Wapad stel dit aan sy lesers bekend dat die Wapad in die vervolg weekliks sal verskyn en wel elke Vrydag. Verder sal daar binne-in die Wapad van die week ook 'n uitgawe van Potchefstroom Herald verskyn.

### BESTUUR

Op 'n verkiesingsvergadering gehou op 3/10/62, is die volgende persone tot die bestuur van die P.A.S.V. gekies:

Voorsitster:
Mej. M. van der Vyver.
Onder-voors.:
Mnr. W. P. Bosman.
Penningmeester:
Mnr. L. Ortlepp
Sekr:
Mej. R. Meyer.
Onder-sekr.:
Mej. D. Seaton-Smith
Add. Lid.
Mnr. G. Meyer
Korrespondent:
Mnr. L. Kusner

## R. J. P. du Plessis

Verlede Dinsdag het die bestuur van die plaaslike tak van die A.S.B. mnr. Roelf du Plessis verkies om hom te verteenwoordig op die Studenteraad in die plek van mnr. P. J. S. Potgieter wat uit die bestuur en so ook uit die Studenteraad bedank het. Mnr. Frik van Deventer is in die plek van mnr. Potgieter tot onder-voorsitter van die A.S.B. verkies.

Mnr. du Plessis het reeds drie jaar van diens aan die P.U. agter die rug waarin hy reeds diep spore getrap het. In 1960 het hy hom na die Puk gewend waar hy hom ingeskryf het vir die propedeutiese B.A. Verlede jaar het hy die graad behaal met onderskeiding in Semitiese Tale.

In die Studentelewe het hy ook reeds veel diens agter die rug. So het hy gedien op die Vreugdedagkomitee, die Pukkie en is hy tans ook die ondervoorsitter van die studentetak van die Nasionale Party. Namens die Massa ons hartlike gelukwensing aan hom.

*Welkom terug!*

- Koop ons inlywings Foto's
- Sien ons Portrette

WIE IS ONS?

FOTOKUNS

Tel. 3185

Tomstraat 82, POTCHEFSTROOM.

**Onthou 3091**

Potchefstroom

Skakel hierdie nommer vir diens!

**DIE BULT APTEEK**

Tomstraat 86

Ons spesialiseer in:

- INNOXA-, VITAMOL-, COTY-Skoonheidspreperate.
- Egte Franse DANA PARFUUM, en
- Aptekersbenodigdhede

Ondersteun Oud-Pukke

**POTCHEFSTROOM HERALD**

WENS DIE

**WAPAD**

GELUK MET SY

**WEEKLIKSE VERSKYNING**

**KOLLEGE KAFEE**

Gerieflik naby die UNIVERSITEIT.

Ons verskaf ETES

Alles wat u Hart begeer

Tomstraat 86. Tel. 958

POTCHEFSTROOM

**ONTHOU DIE TWEEDE-JAARS-PIEKNIEK!**

*„Die Wapad" word gedruk deur Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom vir die uitgewers, die S.R. van die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.*

die Wapad

1 MAART 1963

# STUDENTETAAK

**Verlede Maandag het die Afrikaanse Studente Persunie 'n verklaring uitgereik wat vir die studentekoerante van vandag die allergrootste belang is. In hierdie verklaring word naamlik te velde getrek teen die subjektiewe beriggewing waaraan sommige koerante hulle vandag aan skuldig maak. Hierdie verklaring het vanselfsprekend nie net betrekking op die studentekoerante nie maar die verskillende dagblaaie van ons land kan wel deeglik ook hierop let.**

Die verklaring meld ook verder van „subjektiewe bemoeisiekheid op politieke terrein buite studentesfeer onder die dekmantel van akademiese- en persvryheid." Dit gaan hier om die doel en die taak van die pers van vandag om hulle nuus objektief aan die publiek bekend te stel.

Hierdie hele verklaring het die vraag oor die posisie van die student vandag weer pertinent onder die aandag gebring. Die verklaring meld van bemoeisiekheid op politieke terrein buite studentesfeer. Wat is dan die terrein waarop die student hom moet en mag beweeg? In hierdie verband moet steeds onthou word dat die student in die eerste plek student is. Die student is wel reeds volwassene maar hy staan nog in die stadium van voorbereiding om geheel en al tot die lewe toe te tree. Dit is dus duidelik dat die student nog nie ten volle aan die volwasse lewe mag deelneem nie. Die intensiewe studie is op die oomblik die hoofsaak. Die buite aktiwiteite mag geensins die studie verwaarloos of daartoe lei dat die studie verwaarloos word nie. Van balans tussen die studie en die buitemuurse aktiwiteite is hier geen sprake nie. Die studie is die alleroorheersende en daarna kom die ander aktiwiteite soos ons dit vandag aan die Suid-Afrikaanse universiteite aantref.

Aan die ander kant weer word ons nie net alleen akademies toegerus vir die taak wat daar op ons wag in die latere lewe nie.

Ons moet ook toegerus word met die nodige mense kennis wat nodig sal wees vir die verskillende verbande waarin ons te staan sal kom. Akademies word ons in een spesifieke rigting opgelei terwyl die verskillende vertakkinge van die studentelewe aan ons die brood nodige weiere beeld van die lewe kan gee. So help die verskillende liggame op verskillende wyses daarmee saam om hierdie geheelsblik aan die student te verskaf. So word voorsiening gemaak vir die kuns, die landspolitiek en nog menig ander aspekte wat van die student vandag 'n gebalanseerde mens maak. In hoofsaak moet hierdie deelname in 'n mate passief bly. Dit moet beslis nie die hoofsaak word nie en moet die werklike studie steeds in die oog gehou word.

In hierdie verband het elke student 'n plig tot diens aan sy medestudent. Elkeen moet meehelp om aan sy medestudente iets te bied wat vir hom opbouende waarde kan hê en so help tot die vorming van 'n gelukkige en welgevormde maatskappy. Indien elke student sy deel bydrae sal dit immers nie nodig wees dat een student al die werk moet doen nie.

„VLEIS PASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . . "

Turkstra

*TE KRY BY U KAFETERIA*

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

**Transvalia Meubels**

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"

## In U Lig

„Waar is jy" — dit is nie omdat Hy nie geweet het waar Adam skuilhou nie maar hy moet besef waar hy eens was en waar hy nou is — noudat hy gesondig het.

*Waar was hy eers?*

Adam was 'n koning, die beeld van God, skaars minder as die engele. God se sterre het vir hom gevonkel, God se blomme het vir hom gegeur, God se voëls het vir hom gesing. Watter koning het ooit vroliker weelde as hy gehad?

*Waar is hy nou?*

As Adam sondig, ongehoorsaam is, dan word *hierdie* koning 'n slaaf. Hy word 'n misdadiger — hy kruip weg! Hoe 'n medelydenswaardige skepsel het die mens nie geword nie. God roep Adam asof hy 'n totaal onbekende is — Hy noem hom nie eens op sy naam nie.

God eis nou verantwoording van Adam! Waar het Ek jou geplaas? Watter geleenthede het jy nie gehad nie? Jy was ondankbaar, jou heiligste verantwoordelikheid verloën.

Studente van die P.U. vir C.H.O. Waar is u? Besef u dit? Aan die einde van hierdie jaar sal u ook voor God verantwoording moet doen vir alles wat u in 1963 verrig het.

Dan sal God ook aan u vra: Waar is jy? Na nog 'n jaar van genade, verantwoordelikheid, geleenthede — kroon van My skepping, Waar is jy nou!

Kyk wat het Ek jou gegee! Wat het jy daarmee gedoen?

Besef dit nou, vroegtydig, aan die begin van 1963!

**WAAR IS JY?**

**Gen: 3 : 9: Toe roep die Here God na die mens en sê vir hom: „Waar is jy?"**
**Adam vlug vir God**
**God kom soek Adam nou.**

# Liberalisme vandag

*Deur J. C. du Plessis*

**'n Voorstaande politikus het onlangs ontken dat liberalisme en kommunisme met mekaar iets te doen het. Hy het liberalisme gekenskets as 'n „Uitstekende Filosofie" waarmee kommunisme niks te doen het nie. Nou wil ons met politici geen skoor soek nie — veral nie met hierdie politikus nie — want hy verstaan die kuns om so fyn te redeneer dat dit soms lyk of hy 'n opponent rondomtalie kan laat draai op die punt van 'n naald.**

Ons wil maar liewers uit die pad van mense bly wat 'n mens skoon bedwelmd kan redeneer. Daarom laat ons maar liewers die geskiedenis antwoord op sy stelling en bewering.

Nou weet almal wat enigsins **iets weet van die Aufklärung** of verligting wat in die 18e eeu in Duitsland sy oorsprong gehad het, dat dit 'n geesdrif oor die hele Europa gewek het om mense te verlos van die bindende magte van bygeloof, onkunde en verstarrende tradisie. Dit was aanleiding dat liberalisme 'n inslag gekry het in filosofie, staatkunde, letterkunde en kuns. Die magtige invloed van die groot Kerkhervorming was vir 'n tyd 'n weerhoudende mag wat verhoed het dat die uitbotsel van liberalisme in 'n geestesverwildering by sommige — soos by die Libertyne by wie die botviering van hulle hartstogte die kenmerk van hulle liberalisme was — nie groot invloed kon kry nie.

Die humanistiese gees wat **die Aufklärung** ontketen het, het egter weldra, soos veral geopenbaar in die Franse Rewolusie, oorwegend 'n anti-christelike stempel gekry, sodat teen die vorige eeu liberalisme 'n dekmantel geword het waaronder sowel afwykende christelike as anti-christelike bewegings op die gebiede van die Godsdiens, filosofie, staatkunde, letterkunde en kuns skuiling gesoek het. Dit het vir sommige rigtings wat hulle motiewe aanvanklik wil bedek hou tot hulle gereed is om toe te slaan, 'n gerieflike dekmantel geword om hulle werklike oogmerke skuil te hou. Dit het 'n soort van trojaanse perd geword om deur te breek waar 'n inval en 'n aanval later openlik beoog word. En wie die geskiedenis **van die opgang van kommunisme in die wêreld ken, sal weet hoe** liberalisme sy trojaanse perd geword het. Dis hier waar die verband tussen kommunisme en liberalisme lê.

Liberalisme het dus 'n verwordingsproses ondergaan wat dit vandag 'n toevlugsoord van talle afwykende rigtings met revolusionêre oogmerke maak en waarvan kommunisme die vernaamste is. Dit staan in die teken van die uitwissing van alle grense in die diens van 'n gelykmakingsproses. Dis gevolglik te verstaan waarom mense wat met 'n liberale gees beheb is so teen 'n Christelike en Nasionale beleid in onderwys optrek. Alle dogma en tradisie, ook in die onderwys, is vir die liberalis taboe.

Dis eienaardig dat mense met 'n liberalistiese lewensbeskouing so uitvaar teen alle dogma en tog self so dogmaties is deur vas te kleef aan 'n dogma wat alle ander dogma uit die pad wil ruim. Liberalisme is immers hulle dogma wat hul hele lewensuitkyk oorheers!

(Uit die Skoolblad)

# REIS IN DIE BUITELAND

*deur J. J. de Jager*

**Deur middel van die vreemde leer mens eers werklik die bekende ken. Dit was die ervaring gedurende ons twee maande verblyf in die buiteland. As mens eers werklik vreemd gevoel het, leer jy om jou eie land en sy mense reg te waardeer.**

Na so 'n grootse geleentheid wat mens nie genoeg kon waardeer nie, tel die talle besienswaardighede, wat voorheen eintlik maar net boekekennis was, nie as die vernaamste bydrae tot die sukses van die toer nie maar veral dit wat mens daar kon ervaar en kon leer, 'n verrykende bydrae tot jou lewe wat baie moeilik is om te beskryf.



*Kotie de Jager*
*Foto: FOTOKUNS.*

As studentegroep van die Suid-Afrikaanse Universiteite kan ons nie anders as om ons sámesyn as 'n sukses te beskou nie. Ons het mekaar leer ken en toe eers werklik besef hoe groot die leemtes is met betrekking tot inter-universitêre samewerking. Persoonlike kontak met die studenteleiers van ons ander Universiteite was vir ons 'n aansporing om tot die gevolgtrekking te kom dat die tyd vir onderlinge samewerking nog nooit so ryp was as juis nou nie. Weens gebrek aan kontak het die opinie ontstaan dat die Afrikaanssprekende studente nie belang stel in die aktiwiteite van ons anderstalige Universiteite nie, 'n opinie wat sekerlik omgekeerd ook van ons Afrikaanssprekendes kon geld.

Dit was inderdaad 'n openbaring om te sien in hoe 'n mate die opinie opgebou is as gevolg van die feit dat ons as universiteite te geïsoleerd probeer bestaan, terwyl die krag wat in gemeenskaplike optrede lê totaal verbygesien is omdat ons ons te blind staar teen die grense van ons eie koninkryk. Dit bring myns insiens verarming mee, want ons moet besef dat ons nie maar net vir eie voordeel studente aan 'n universiteit is nie, maar ons is ook hier om 'n deel by te dra tot die opbou van 'n beter wêreld.

Dit is te betreur dat ons gedwing word om te erken dat ons nog maar min van die genot gesmaak het wat in konkurrensie te vinde is — daarin lê juis die verrykende, opvoedkundige gevolg dat ons roeping sal wees om al ons kragte in te span om die prestasie te oortref van ons waaksame en hardwerkende konkurrente. Dit sal die krag in enige studentelewe wees, om met moed en durf 'n weloorwoë risiko te neem en nie maar net die veilige weg te soek nie: die veilige weg kan jou nooit beweeg om die beste wat jy besit aan te bied nie.

Dat ons veral onder die indruk gekom het van wat werklik van 'n student in die akademiese sin van die woord verwag word, is sekerlik nodig om beklemtoon te word.


As ek dit mag waag om 'n universiteit te definieer as 'n vereniging wat hom toelê op die navorsing van kennis om die intrensieke waarde daarvan, dan volg daaruit dat die soeke na kennis die primêre funksie is van ons Universiteit. 'n Universiteit is nie intellektuele en geestelike worsmasjiene nie; gradedag is eintlik maar 'n formaliteit, 'n graad 'n artikel van bloot ekonomiese waarde.

Veral vir ons jong volkie is dit noodsaaklik dat daar 'n bewuste sin vir rigting by elke student aanwesig is — iets wat jy meer as enigiets anders uit die lewe wil hê, waarop jy jou hart gelê het en waarvoor jy jou bewyer. Die eise wat aan 'n student gestel word is groter as wat ons soms wil besef. Dit is onmoontlik om te verwag dat die onverantwoordelikheid van die student in een dag omgesit word in plig en verantwoordelikheid wat van hom as akademikus verwag word sodra sy studies voltooi is.

Daarin kan ons dus 'n voorbeeld neem van die student in die buiteland. Ons kan maar veel meer maak van agtergrondstudie, van metode en selfstandige werk en ons kan steeds net in gedagte hou dat dit nie die titels is wat die mens versier nie maar die mens wat die titels versier. Die hoofeienskappe van ons studente moet wees: die bekwaamheid om tegelyk die wêreld se oorwinning sonder hoogmoed as die lewe se neerlae sonder wanhoop te aanvaar.

Dit is ons roeping om gedurig te leer, altyd jonk te bly in ons gees en denke, gedurig uitdagings te aanvaar en gedurig van geleenthede gebruik maak want dit gaan om ons eie en dit wat ons liefhet. Dit gaan om ons geestelike, godsdienstige en nasionale selfbehoud anders gaan ons jong volkie verlore.

## IN ONGELUK



*Dr. Jan Steyn*

Die L.V. vir Potchefstroom Dr. J. H. Steyn was die afgelope vakansie in 'n ernstige motorbotsing betrokke waarvoor hy 'n hele tydjie behandeling in die hospitaal op Bloemfontein moes ontvang. Ons is dankbaar dat hy reeds uitermate herstel het.

# *Korps bedrywig*

Die Gereformeerde Korps Veritas stel vanjaar weer 'n bedrywige jaar in die vooruitsig. Die bestuur stel dit in die vooruitsig om aandag te skenk aan die verandering van die naam waar Calvinistiese in die plek van die Gereformeerde gevoeg sal word.

Verder word daar vier programvergaderings vir die komende jaar beoog waar onder andere die volgende sal optree: Dr. T. van der Walt, prof. S. P. van der Walt en die minister van Justusie, sy Edele min. B. J. Vorster.

Korps beoog om vanjaar met die tweede verjaarsdag van die Republiek van Suid-Afrika, 'n publikasie oor die Republiekwording te laat verskyn. Die pers en nuuskomitee sal ook verantwoordelik wees om die werksaamhede van Korps meer pertinent onder die aandag te bring.

# RASPER

Die meerderheid van die Pukke voel al lank dat daar 'n groot leemte in die bestaande publikasies bestaan in soverre dit humor aanbetref.

Die inisiatief het van die inwoners van Dawie Dup uitgegaan om iets in ligte luim te publiseer. Die gevolg was dan ook ,,Die Rasper'' wat so pas sy eerste verskyning gemaak het.

Die doelstelling van die blad is om die bestaande publikasies aan te vul en om al die kletspraatjies om die teekanne en onder die storte in druk te laat verskyn.

Reeds met die eerste uitgawe het dit geblyk dat ,,Die Rasper'' by sowel die dames as die mans groot byval gevind het. Sowat 200 eksemplare is gratis onder studente by die koshuise versprei. ,,Die Rasper'' sal in die toekoms teen 2½c. verkrygbaar wees.

Die redaksie van ,,Die Rasper'' is reeds deur verskeie dames genader sodat daar van hulle berigte geplaas kan word. 'n Nuwe en verbeterde uitgawe sal spoedig veskyn.


**na aksie..**
**satisfaksie**




**vol-ja smaakvol**

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VIR RIGGIO TOBACCO CORPORATION OF NEW YORK LIMITED.

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BEPERK**

„Die Potchefstroomse Boekhandel"

**Kerkstraat 91—95** **Telefoon 1164 & 497**
**Borcherdstraat** **Telefoon 3431**
**POTCHEFSTROOM**

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG..."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN..."*

*Besoek:*
**INGRAM SE DRANKWINKEL**
*Allerlei*
★ WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
★ DRUIWESAP, CYDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP EN
in bottels en blikkies
*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*

**Kerkstraat 122**
**Posbus 171 — Tel. Nrs.: 12 en 2582**

# WARM UIT DIE OOND

**Wederom en welkom aan 'n ieder en 'n inkelte hier op ons ou Kampus. Ja julle ou Jaffie voel weer vreeslik om julle so van harte te verwelkom hier op ons vakansieplaas, na die drie maandelange vry tydjie saam met die drukke werksaamhede.**

Het die plek van ons lief en leed tog nie gedoriewaar weer verander nie? Ek sê juis nou die dag vir neef Cassie van der Walt dat ons Kampus wemel van vreeslike elemente wat met 'n matriek-sertifikaat of so iets hier onder die arm rond loop. Dieselfde spesie se mansgeslag verbeel hulle hulle het 'n oor in die bank. Een van die geagte here vat my mos aan die arm en vra mos toe vir my: „Boetman wie is die prinsipaal van hierdie Instituut." Nou kan julle vir julleself reken watter groot taak op die skouers van ons rus. Die spreekwoord sê mos: A little knowledge is a dangerous thing".

Toemaar al die eerstejaartjies, Jaffie is nie meer vir julle kwaad nie, wees net gewaarsku. Hier by ons heers net liefde en verdraagsaamheid. Hier is goeie raad aan al die dogtertjies. Onthou 'n wolf is 'n kêrel wat, nadat hy 'n meisie eenmaal gesien het vir 'n mens kan sê watter soort verlede sy gaan hê. En aan al die seuntjies: dis nie sleg gemanierd om 'n meisie se hand te soen nie, dis net sleg gemik.

Ek was so bewoë toe ek hier aanland en sien die Kampus is omskep in 'n slagveld van geneuwelde kyse. (Gelukkig maar dat ou bokke jong blaartjies lus.) Die eerstejaartjies is mos vanjaar van voorkoms soos 'n uurglas en nie een sekond daarvan is gemors nie.

Goed tog dat daar darem 'n paar harde slepers is wat hulle nie laat afsit deur lang vakansies nie. *Willie Coetzee en Susan Uys* is hiervan goeie voorbeelde.

Laat dit rustig gaan hier op die Kampus, so rustig soos op Rustenburg waar die mense die hoenders wakker maak om te kraai.

Jaffie Wakis.



*Prof. H. C. van Rooy*

# VERKWISTING GROOT

**„Astronomiese bedrae word jaarliks aan navorsing verkwis omdat navorsers nie op hoogte is met die resultate van voorafgaande navorsing en sodanige resultate nie in voldoende mate aan hulle beskikbaar is nie", het prof. H. C. van Rooy, hoof van die Ferdinand Postma Biblioteek gesê tydens sy intreerede as professor.**

'n Oorweldigende hoeveelheid literatuur word vandag gepubliseer. In 1960 het 75,000 vakwetenskaplike tydskrifte verskyn in meer as 65 tale. Hierin het meer as ' nmiljoen artikels verskyn.

Geen wetenskaplike biblioteek hoe groot en hoe ryk hy ookal is, is in staat om selfs die belangrikste literatuur op die verskillende gebiede te versamel en beskikbaar te stel nie.

Slegs deur groot te dink, groot te beplan en op groothartige wyse saam te werk, kan ons die krisis in ons biblioteekdienste die hoof bied.

## ONTVANG PRAGSTUK

Mnr. en mev. Th. a. de Raadt van Molenstraat het pas 'n uiters waardevolle Houtman-harmonium van eikehout uit Nederland ontvang. Die harmonium het twee manuale, 'n volle pedaal en is sewespels.

Meneer en mevrou De Raadt was onlangs met vakansie in Nederland waar hulle familie woon.

# Bantoegebiede besoek

**Gedurende Januariemaand het die Departement van Bantoetale 'n navorsingstoer deur die Westelike Bantoegebiede onderneem, in welke geval daar onder andere aan die volgende plekke besoeke gebring is: Pella en Silverkrans in die Rustenburg area en Witkleigat, Motswedi, Dinokana en Niclaasdoorns in die Zeerust area.**

Een van die eerste dinge wat hulle op hierdie toer getref het is die mate van kennis wat die deursnee Tswana in verband met die verskillende bome- en plantname besit. Veral die kruiedokters het verder weer 'n verbasende kennis geopenbaar in verband met die medisinale gebruike van verskillende plante, bolle, wortels, ens. Spesifieke plante besit ook nog 'n spesiale magiese waarde, soos die alwyn Aloe Davyana wat by 'n huis geplant word om die weerlig weg te lei sodat dit nie op die huis slaan nie.

Kenmerkend van die Tswana name vir die verskillende plante en bome, is die mooi beskrywende aard daarvan; so word die Varkduwweltjie en kankerroos genoem Motlhabakôlôbe: hy wat die vark steek; die bokduwweltjie word genoem Makanangwane: hy wat altyd op sy rug lê. Ons wat hierdie doring ken, weet uit ondervinding hoe hierdie duwweltjies altyd met die dorings na bo lê; die Silwerbos word genoem Mositatlou: hy wat die olifant oorwin. As mens 'n tak van hierdie boom wil afbreek is dit 'n feitlik onbegonne taak: daarom ook hierdie Tswana naam.

Die Bantoe het ook die bome name gegee wat ooreenstem met die familie (in plantkundige terme) met daarby 'n ooreenstemmende specie naam: Mokgalo: Blinkblaar-wag-'n-bietjie (Z. mucronata) en Mokgalofatshe Velrukkers (Z. Zeyheriana); Moretologakgomo: Suurpruim (X. caffra) en Moretologapudi (X. americana.) Moduba: Raasblaar en Modubatsipi: Bergrooibos.

Die Tswana's besit egter 'n baie swak kennis van die veskillende voëls vir sover dit die informante wat hulle gehelp het aangaan, omdat hulle nie eers die name kon gee vir sulke baie opvallende en bekende voëls soos die Piet-my-vrou, Paradysvlieëvanger, Witvlerkkaffervink en Pylstert nie. Een van ons informante kon selfs nie eers vir hulle die Tswana naam vir die Bosluisvoël gee nie wat wel Modisakgomo is, d.w.s. die beeswagter.

Hierdie navorsingstoer het hulle 'n baie goeie insig gegee in onder andere die lewenswyse en taal van die Tswana's. Dit het hulle ook opnuut onder die indruk gebring van die inherente rykdom wat hierdie taal spesifiek besit, en wat dus ook in die ander Bantoetale aangetref sal word, wat tot 'n baie groot mate in ons eie taal verlore gegaan het. Daarom word gehoop dat daar 'n dag sal aanbreek waarop daar weer opnuut 'n belangstelling onder die blankes sal kom om 'n Bantoetaal te bestudeer en ook die begeerte om een aan te leer.


# STUDIE of PLESIER?

*ONS SAL U TOER VIR U REëL — IN DIE BUITELAND OF BINNELANDS.*

**ONS DIENSTE IS GRATIS**

**LUG — SEE — PAD**

*RAADPLEEG ONS EERS!*

*DIT KOS NIKS EKSTRA NIE*

**POTCHEFSTROOMSE REISBURO**

Kerkstraat 50 Tel. 288

POTCHEFSTROOM



**TREINBESPREKINGS — — HOTELBESPREKINGS**

*U is altyd welkom by ons kantoor — Gratis pamflette beskikbaar.*

# Skrywer op reis

**Die bekende Nederlandse skrywer, P. J. Risseeuw, reis tans deur ons land. Van sy uitgewers het hy die opdrag om 'n boek te skrywe oor die Nederlandse immigrante van die verskeie wêrelddele. Hy het die laaste jare reeds die Verenigde State, Kanada, Australië en Nieu-Seeland besoek.**

In die trilogie *Landverhuizers* en die roman *Anneke Jans* het hy die nedersettinge van die Hollanders in Amerika beskrywe nl. Nieuw Amsterdam (New York), Michigan en Iowa.

Mnr. Risseeuw hoop om hier gegewens te versamel vir pioniersverhale. Hy het ook 'n reisboek in voorbereiding, getitel: *Overal Hollanders*, asook 'n boek met verhale oor Hollandse pioniers: *Zo ver de wereld reikt.*

Dit was ons voorreg om die skrywer op een van sy toere te vergesel. Elke reisiger het sy besondere bedevaart en waar ons as Calviniste in Genève die standbeeld van die Hervormers sou wil besigtig, sal die Gereformeerde Nederlandse skrywer ook 'n oomblik by die graf van Totius staan.

Van ons eie Elizabeth Eybers wat nou in Nederland woon het mnr. Risseeuw 'n nuwe gedig „Immigrant" wat in „De Gids" verskyn het, sorgvuldig uit sy sakboekie gehaal. In 'n paar van die versreëls skemer die leegte en groot verlange van 'n landverhuiser in die vreemde:

*„Niks as my hande en voete het ek hier.*
*die res het met die oortog soek geraak.*
*Die katswink hart, die prikkelbare klier*
*Wat moet mens bowendien met hulle maak?*

Sy eindig haar gedig:

*„Wie het geweet dat leegte leegte ooit so swaar*
*sou word en onbelemmerdheid so 'n las?"*

Die jongste boek van Risseeuw: *Gasten en Vreemdelingen* het in 1961 verskyn en is by ons bekend.

So dikwels kruis die lewe van die vreemdelinge ook ons eie pad. Probeer ons dan om hulle hier tuis te laat voel en gevraagde inligting openhartig te verstrek?

Die Protestantse Nederlandse immigrant is 'n bate vir ons land — die invloed van hulle voorgangers het veral op die gebied van Christelik Nasionale onderwys 'n stempel gedruk. Die Calvinisme kan nie anders dan gesterk word deur wedersydse begrip en tegemoetkoming tussen verwante aanhangers van enerse oortuiging en lewensbeskouing.

Personalia: P. J. Risseeuw, Pinksterbloemplein 43, Den Haag, Nederland.



P. J. Risseeuw

Gebore 16 Mei 1901 te 's Gravenhage. Opleiding De Savernin Lohmanschool. Autodidact. Was baie jare werksaam in die Bankbedryf. Stig in 1918 die letterkundige maandblad *Opgang* en was mede-oprigter van die letterkundige tydskrifte *Opwaartse Wegen* (1922) en *Ontmoeting* (1946). Is sedert 1926 literêr-medewerker aan die Christelik Nasionaal dagblad *De Rotterdammer*. Sinds 1927 boekbesprekings oor die radio. Lid van die „Maatskappij der Ned. Letterkunde" en „De Bond van Christelijke Kunstenaars" in Nederland. Skrywer van verskeie bloemlesings en kinderboeke. Van sy eerste boek is *„Het Verklaard Uitzicht"* (1931), *Kort Oponthoud* (1935) *Is het mijn schuld?* (1937), *Geleend Goed* (1941).

Ons sien uit na die boek wat sal handel oor ons Nederlandse vriende in die Republiek Suid-Afrika en wil mnr. Risseeuw 'n baie aangename reis verder toewens. Na die kennismaking is ons werklik benieud om sy indrukke oor die lewe van sy landgenote in hulle nuwe vaderland te verneem.

Ida Bosman.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# Afrika studente kry swaar in V.S.A.

**DIE RUSSIESE PERS het gister beweer dat studente uit Afrika swaar leef in die Verenigde State en dat hulle gelukkig is as hulle een maal per dag kry.**

Terselfdertyd het die Russiese koerenate voortgegaan om 'n rooskleurige prentjie te teken van die lewe wat op studente uit Afrika-lande in Rusland wag.

Die propaganda is daarop gemik om Westerse koerantberigte oor rassediskriminasie en ander ontberings van Afrikastudente in Rusland, wat gevolg het op soortgelyke berigte oor Afrikastudente in Bulgarye te weerlê.

In die afgelope week of twee het die Russiese pers en radio onderhoude gevoer met talle Afrikastudente in Rusland ten einde te toon hoe goed die studente behandel word en dat hulle volle sosiale gelykheid aan die Russiese universiteite geniet.

(*Die Transvaler*)

## Piekniek

Die tweedejaars van die Puk bied môre weereens aan die massa van die Puk die jaarlikse tweedejaarspiekniek, om so hulle eerste taak in die volwasse lewe van die Puk te verrig.

Die komitee wat die piekniek vanjaar reel, beloof dat dit die beste en die aangenaamste piekniek is wat die tweedejaars nog ooit aangebied het. Die pieknickgangers moet slegs sorg vir hulle eie perdevelle en holgoed. Hulle beloof dat daar oorgenoeg aan eetgoed en drinkgoed sal wees om die bekers en die mae vol te maak.

Die piekniek vind vanjaar by Boskopdam plaas waar die tweedejaars belowe om onder die wilgerbome 'n baie aangename dag vir 'n ieder en elk te besorg.

## KRITIEK

'n Amerikaanse student, mnr. Joey Picheny, is onlangs deur die Soviet blad, Smena, hewig gekritiseer. Mnr. Picheny wat 'n student in Leningrad is sou na bewering anti-Soviet propaganda versprei het. Mnr. Picheny het egter verklaar dat hy nie die Soviet gaan verlaat nie maar dat hy sy studies gaan voortsit.

Inmiddels het daar 'n hele opskudding in Bulgarye plaasgevind toe daar moeilikheid tussen die Bulgaarse polisie en studente van Afrika ontstaan het. Een van die studente het verklaar dat hulle „swart ape" genoem is. 'n Ander het gesê dat daar in sommige kommunistiese koerante meer rassediskriminasie is as op enige ander plek in die Weste.

# INDRUKKE

**DIE GESINDHEID jeens Suid-Afrika het in Nederland opvallend verbeter, meen prof. dr. H. G. Stoker, van die Potchefstroomse Universiteit, wat van begin Desember tot end verlede week as uitruilprofessor aan die Vrije Universiteit in Amsterdam gewerk het.**

'n Klein groep Nederlanders verdedig Suid-Afrika se beleid van afsonderlike ontwikkeling met gloed. 'n Ewe klein groepie verwerp dit heeltemal, hoewel deesdae sonder onnodige bitsigheid, terwyl die oorgrote meerderheid mense met wie hy in aanraking gekom het ronduit verklaar dat hulle te min van die rassevraagstukke in Suid-Afrika weet om te kan oordeel of te veroordeel.

Ook die Nederlandse pers het baie meer gematig geword. Prof. Stoker het verklaar dat hy veral met Calvinistiese en ander Protestantse kerkleiers, wysgere en ander akademici maar ook met die gewone burgery van hoofsaaklik die konserwatiewe element te doen gekry het. Net die mense wat sterk linksgesind of openlik kommunisties is, is nog heeltemal uitgesproke anti-Suid-Afrika.

### HARTLIK

Prof. Stoker verklaar dat hy van die eerste tot die laaste dag met besondere hartlikheid en gasvryheid ontvang en onthaal is. Afgesien van die drie lesingsreekse wat hy amptelik aan die Vrije gelewer het, het hy al die ander Nederlandse universiteite kon besoek behalwe dié van Nymwegen. Hy het talle uitnodigings ontvang om verenigings van teoloë, wysgere en selfs taalkundiges toe te spreek. Hy het lang en prikkelende persoonlike gesprekke gevoer met die meeste wysgere wat aan die Nederlandse universiteite verbonde is.

„Ek het verryk van gees en intellektueel verjong teruggekeer", sê prof. Stoker in hierdie verband.

Onder alle Nederlandse volkslae met wie hy in aanraking gekom het, het hy kommer aangetref oor die verloop van die veldtog om Suid-Afrika van die res van die wêreld te isoleer. Die behoudende Nederlanders voel die broeder- en volksbande — ook die bande van geloof met Suid-Afrika nog sterk aan. Van Nederlandse kant kan in die toekoms ook poginge tot nouere skakeling met Suid-Afrika verwag word.

### FAKTORE

Drie faktore het tot die verbeterde gesindheid bygedra. Die eerste is meerdere kennis oor alles wat Suid-Afrika in die praktyk vir die nie-blankes probeer doen. Dit dui vir die Nederlanders duidelik op die afwesigheid van 'n gees van hartelose onderdrukking.

Maar die gebeurtenisse in Indonesië, waar Nederland en sy burgers self ernstig veronreg is, en die gemors in die Kongo waarby die buurland, België, betrokke was, het meer as enigiest anders daartoe bygedra dat die Nederlanders huiwerig geword het om te oordeel. Die hele verloop van die vrymaking van Afrika stem in die algemeen tot nadenke.

(*Die Transvaler*)

ONDERSTEUN
ONS
ADVERTEERDERS

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389
POTCHEFSTROOM
★
Mooi wintermateriaal
★
Nomotta-wol in voorraad




Dit is die snit wat tel . . .
★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies
J. TOD SUTTIE
Die Mansuitrusters
Posbus 219 — Foon 1

# PUK — ATLETE AKTIEF

## *Puik prestasie gelewer*

**Hoewel dit oor die algemeen neergekom het op indiwiduele oefening gedurende die lang vakansie, het die P.U.-atletiekklub nogtans aan verskeie byeenkomste deelgeneem en vir menige puik prestasies gelewer.**

Gedurende November en Desember het die Pukke as gaste by drie Suid-Transvaalse byeenkomste die spykerskoene laat klap. Hier het veral Willie Coet-



*Hentie Joubert*
*Foto: FOTOKUNS.*

zee indrukwekkend vertoon. Hy het o.a. die Suid-Transvaalse 0/19 rekord oor die 120 tree hekkies verbeter met 'n tyd van 14.6 sek. Ook Pietman Botha en Hentie Joubert het puik vertonings gelewer. Pietman Botha het 'n tyd van 9.9 oor die honderd treë aangeteken en oor die 220 'n tyd van 21.4 sek. Hentie Joubert het oor hierdie afstand 'n tyd van 21.8 sek. aangeteken.

Op die Vrystaatse atletiekkampioenskappe het die Pukke weer met uithaler vertonings voor die dag gekom. In die 220 treë vir mans het Pietman Botha met die Suid-Afrikaanse kampioen afgereken deur tweede te kom in 'n wedloop waarin Jimmy Rabie koning gekraai het. Op hierdie byeenkoms het Hentie Joubert die 440-treë gewen met 'n tyd van 49.2 sek. Willie Coetzee het ook hier die oog gevang in die hekkies. In die 220-treë hekkies het hy gewen met 'n tyd van 25.4 sek. terwyl hy in die 120-treë hekkies vir seniors tweede gekom het met 'n tyd van 14.9 sek. Hans van Zyl wou ook graag aan hierdie byeenkoms deelneem maar die organiseerders wou hom nie toelaat nie.

# UNIVERSITEITSLIGA

## *Pukke gewillig om saam te werk*

**Die Rugbybestuur van die Puk se rugbyklub, wat tot dusver 'n afwagtende houding ingeneem het t.o.v. die voorgestelde universiteitsliga, het op hulle jongste vergadering die deelname aan hierdie liga in beginsel onderskryf. 'n Dringende beroep is op Wits gedoen om onmiddellik 'n konferensie van die verteenwoordigers van die verskillende universiteite te belê om die liga te bespreek.**

Die bestuur meen dat as die struikelblokke uit die weg geruim sou kan word, die liga vanjaar vir 'n proeftyd van een jaar ingestel moet word om die uitvoerbaarheid daarvan te toets.

Baie van die verskillende wedstryde van die gekombineerde spanne teen die span van die gekombineerde universiteite van Oxford en Cambridge en die teen die Wallabies kan reeds 'n groot gedeelte van so 'n liga afgehandel kry. Hierdie wedstryde sal buitendien moet plaasvind as proefwedstryde om die verskillende spanne te kies. Daar is reeds op 'n vorige vergadering besluit om sulke proefwedstryde aan te vra.

Verder sal gereelde intervarsities asook die besoek van die Maties aan Rhodes en Potchefstroom verder help om die instelling van so 'n liga te vergemaklik.

Verder is besluit dat die afgevaardigdes na die jaarvergadering van die W.-Tvlse Rugby Unie die voorstel van die beslissing van die Neser-kompetisie oor 'n enkelronde i.p.v. die gebruiklike dubbelronde sal steun. Hierdie voorstel is reeds 'n aantal jare deur die universiteite gedoen maar was tot dusver nie uitgevoer nie. As dit deurgevoer word sal dit makliker wees om die vriendskaplike verpligtinge na te kom. As hierdie voorstel deurgevoer word sal dit vir die Puk sowel as vir Pote moontlik wees om aan die Blaine-uitklop kompetisie deel te neem.



*P. W. Bingle*
*Foto: FOTOKUNS.*

# NUWE INDELING VAN SPORTSOORTE

**Alle tussen-universitêre sportbyeenkomste, met die uitsondering van atletiek, rugby en 'n aantal kleiner sportsoorte, sal in die toekoms volgens 'n uitgewerkteroosterstelsel deur die verskillende universiteite aangebied word, aldus 'n verklaring in die jongste Dagbreek.**

Hierdie stelsel is die resultaat van die werksaamhede van 'n advieskomitee van die komitee van universiteitshoofde. Dit deel die verskillende sportsoorte wat oor die algemeen deur die meeste universiteite beoefen word, in vier groepe — twee vir somersport en twee vir die wintersportsoorte.


Die verskillende groepe bevat by benadering dieselfde aantal deelnemers sodat dit nie soms onmoontlik raak vir een universiteit om al die deelnemers aan sodanige toernooie te huisves nie. Die stelsel verseker ook dat elke universiteit elke tweede jaar 'n groep sportsoorte huisves.

Atletiek is op spesiale versoek nie by hierdie indeling ingeskakel nie. Die advieskomitee het aanbeveel dat die Dalrymple die eerste naweek na die paasnaweek gehou moet word.

Sportsoorte wat onder hierdie verdeling val is die volgende: hokkie, judo, boks, gimnastiek, krieket, tennis, tafeltennis, pluimbal, bofbal, sokker, muurbal, stoei en gewigoptel.

Hierdie nuwe reëling het reeds die goedkeuring van die onderskeie hoofde van die universiteite en daar word net gewag op aanbevelings van die onderskeie universiteite voordat die stelsel in werking tree. Gewone intervarsities word nie deur hierdie reëling geraak nie.

## Miskien eendag....



**Vreemd by die Puk maar nie in die land waar alles anders is nie. Die tekening bo is van 'n toneel uit 'n spel wat in die V.S.A. baie gewild is — 'n soort van korfbal. Dit is 'n vinnige spel en word binnemuurs gespeel.**

## Richard Sharp

Die briljante losskakel van die Britse Leeus wat verlede jaar deur die Republiek getoer het, het aangekondig dat hy nie meer beskikbaar is vir die toer van die gekombineerde span van die universiteite van Oxford en Cambridge wat later vanjaar deur Afrika toer. Die toerspan sal onder andere vier wedstryde in Suid-Afrika speel. — Hy gaan trou.

# KRIEKETKLUB VAAR BAIE GOED

**Die krieketklub van die Puk was een van die sportklubs wat nie hierdie vakansie ledig gesit het nie maar aktief opgetree het. Hier moet veral gepraat word van die krieket-week wat verlede jaar in Port Elizabeth gehou is.**

In al die wedstryde wat die Puk in hierdie week gespeel het, het hulle besonder goed gevaar, en het hulle getoon dat die kritiek wat hulle in die verlede moes verduur ongegrond is. Die vrugte van die toelating van die klub tot die eerste liga het hulle hierdie vakansie deeglik bewys.

In al die fasette van die spel het die Puk merkwaardige verbeterings getoon, en het Hennie Bouwer daarin geslaag om die Protea B span te haal. Die ander spelers was beslis ongelukkig dat nie meer van hulle hierdie onderskeiding behaal het nie. Selfs van die Engelse universiteite het die Puk hoë lof ontvang.


Intussen het die span reeds verlede Saterdag weer stewig vertoon in hulle wedstryd teen Strathvaal. Strathvaal was in die eerste beurt almal uit vir 137 lopies met Johan Vorster die beste bouler met vyf paaltjies vir 37 lopies. In antwoord hierop was die Puk verlede Saterdag teen uitskeityd nog voor die penne met 78 lopies op die telbord en vyf paaltjies plat. Vorster was nog voor die penne met 35. More gaan die wedstryd verder en behoort die Pukke goed van hulleself rekenskap te gee.


**Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!**

***Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!***

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertandlekker hap neem – is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle – die keurbier vir louter plesier – in kannetjies of bottels.



**SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER**

Grant 345/5877-2A